# Hoofstuk 6

## Engelenburg se persoonlike lewe en sy betrokkenheid by verskeie sake in die openbare belang in die periode 1910-1925

**Inleiding**

Engelenburg was nie net ŉ politieke joernalis nie. Deur middel van sy hoofartikels in *De Volkstem* het hy ook veel gedoen om die Afrikaner se taal en kultuur te bevorder en om die publiek bewus te maak van die verskillende vorme van argitektuur. Tot laat in sy lewe het hy ŉ groot bydrae gelewer tot die argitektuur in Pretoria. In 1928 het hy byvoorbeeld die ontwerpe wat vir Pretoria se stadsaal voorgelê is, beoordeel en waardevolle kommentaar gelewer.

Wat die letterkunde en kultuur betref, het Engelenburg gereeld as klankbord vir skrywers en uitgewers opgetree, onder andere vir Louis Leipoldt, F.S. Malan en die uitgewery De Bussy. Op sy beurt het hy Leipoldt en dr. Leyds gevra om sy skryfwerk te beoordeel voordat hy dit na die drukker gestuur het. As stigterslid van die Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst[1] was hy vas van plan om mee te help om van die organisasie ŉ sukses te maak. Hy was ook ŉ stigterslid van die lugvaartvereniging in Suid-Afrika en hy het heelwat energie spandeer om landwyd takke te stig. Teen 1913 het Engelenburg steeds min sukses gehad met ŉ suksesvolle verhouding met vroue. Hy sou eers heelwat later, op 61-jarige leeftyd in die huwelik tree.

**Engelenburg se bydrae tot die argitektuur van Transvaal**

Aan die begin van die twintigste eeu het die argitektuur in Transvaal steeds min aan die verbeelding oorgelaat. Met uitsondering van enkele staatsgeboue om Kerkplein en sommige sakeondernemings in die middestad van Pretoria en Johannesburg is van goedkoop boumateriaal gebruik gemaak. Die algemene indruk wat die besoeker van die argitektuur van die gebied anderkant die Vaalrivier gekry het, was dat dit ŉ tydelike voorkoms gehad het.

[1] In dieselfde jaar wat Afrikaans as amptelike taal in Suid-Afrika erken is, naamlik in 1925, het die Akademie se naam verander na Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns.

Hoofsaaklik hut- of kothuise met dieselfde vorm is gebou met die mees primitiewe reëling vir sanitasie. Min welgestelde mense het iets groters as groot huthuise gebou.[2] Toe Alfred Milner in 1901 as koloniale administrateur van die Oranje-Vrystaat en Transvaal aangestel is, het hy Herbert Baker (1862-1946)[3] na Transvaal genooi om 'n beter en meer permanente vorm van argitektuur bekend te stel.[4] Baker het in 1902 na Johannesburg verhuis en daar 'n kantoor geopen. In Pretoria het Engelenburg ook die gedagte gekoester om die argitektuur in Transvaal te verbeter en saam met Baker wou hulle 'n nuwe inheemse argitektuur ontwikkel. Engelenburg het die publiek van verskillende soorte bouvorme bewus probeer maak deur artikels daaroor in *De Volkstem* op te neem. Baker het self ook artikels oor argitektuur in tydskrifte en koerante geplaas om die publiek met die verskillende vorme vertroud te maak. Wanneer Engelenburg of Baker 'n artikel geplaas het, het die een dit gewoonlik aan die ander gestuur vir kommentaar.[5] Engelenburg het byvoorbeeld in 1907 'n artikel oor koloniale argitektuur geplaas.[6] Herbert Baker was een van die eerste mense wat hom daarmee gelukgewens het:

> There can be no severe improvement until the public are educated by the newspapers having the knowledge & taste, which you display, and the courage of their convictions.[7]

Engelenburg het ook aan Baker 'n boek oor verskillende boustyle in die dorp Danzig, Duitsland, gestuur. Baker het erken dat hy iets van daardie argitektuur geweet het, maar dat die firma in Londen waar hy eers gewerk het, eerder bekend was daarvoor dat hulle die eerste was wat die Noord-Duitse argitektuur, oorwegend die Bauhaus-styl, in Engeland ingevoer het, en wel met goeie resultate. Hyself het ook gemeen dat iets drasties gedoen sou moes word om die dorpe en hoofdorpe in Suid-Afrika op argitektoniese gebied meer aantreklik te maak.[8] Engelenburg het 'n voorliefde vir gewels gehad, daarom het hy dit ook aan sy huis laat

---

2 H. Baker, *Architecture and personalities*, p. 57.

3 Herbert Baker was 'n Britse argitek wat tussen 1892 en 1912 'n groot bydrae tot die Suid-Afrikaanse argitektuur gelewer het . Hy was verantwoordelik vir die ontwerp van bekende bakens soos die Uniegebou in Pretoria, die Rhodes-gedenkteken in Kaapstad en Suid-Afrika-Huis, die Suid-Afrikaanse ambassade in Londen.


4 H. Baker, *Architecture and personalities*, pp. 47-48.

5 Nasionale Argief van Suid-Afrika (NASA), Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 20, Herbert Baker - F.V. Engelenburg, 31.03.1909.

6 F.V. Engelenburg, "Koloniale argitektuur", *De Volkstem*, 16.11.1907.

7 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 20, Herbert Baker - F.V. Engelenburg, 18.11.1907.

8 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 20, Herbert Baker - F.V. Engelenburg, 20.10.1908.



Illustrasie 65: Herbert Baker. Bron: http://www.quotessays.com/images/herbert-baker-3
(geraadpleeg op 19 April 2015).

aanbring toe dit in 1903 gebou is. Hy het aan Baker ŉ klompie illustrasies van huise met "top-gevels" gestuur. Die "top-gevels" was dié van houthuise wat in die "Zaan-streek" in die provinsie Noord-Holland gestaan het. Die hout is vir baie dekades van Noorweë verkry. Engelenburg het gemeen dat indien Baker dié gewels sou bestudeer, hy sou sien dat die Kaapse gewels van Suid-Hollandse (Vlaamse) oorsprong was.[9] Baker het dit baie interessant gevind, maar gemeen dat hulle prototipe iewers in België was of hoër op na die ooste.[10]

Baker het erken dat hy beïnvloed is deur die idees van Rhodes en die aansporing van Milner om groot huise vir die rykes te bou.[11] Hy het wel ŉ voorliefde gehad vir eenvoud. Baker se Transvaalse huise kan beskryf word as eklekties. Sy bykans konstante gebruik van die basiese H-vorm herinner aan die plattelandse huise in die Kaap. Sy ontwerpe het dikwels ŉ stoep gehad om voordeel te trek uit die sonnige klimaat. Nie alle Baker-huise in Transvaal het ŉ H-vorm gehad nie. Hy het soms ook ŉ L-vorm gebruik indien die erf waarop die struktuur opgerig sou word, daarvoor geskik was. Vierkantige huise was oor die algemeen kleiner en meer ekonomies. Baker se gebruik van Kaaps-Hollandse elemente was nie ŉ verlengstuk van die tipiese huise in die Kaap nie. Sy gebruik van wit gepleisterde gewels het min gemeen gehad met die Kaapse gewels en nog minder met dié in Nederland. Hy moes natuurlik ook die kliënte se smaak in aanmerking neem.[12]

Toe die idee van ŉ unie van die vier kolonies ŉ werklikheid begin word, is Baker genader om ŉ gebou te ontwerp vir die toekomstige administratiewe hoofstad van Suid-Afrika. Hy is aangestel as argitek vir die ambisieuse projek.[13] Engelenburg was ook betrokke by die ontwerp van die Uniegebou in Pretoria. Baker het naamlik voortdurend Engelenburg se gewaardeerde insette gevra. Aan die einde van 1909 was Baker klaar met die ontwerp van die Uniegebou en het hy Engelenburg gevra om weer daarna te gaan kyk. Baker was nie in sy kantoor toe Engelenburg op 6 Januarie 1910[14] daar aankom nie, waaroor Baker baie spyt was,

---

9 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 20, F.V. Engelenburg - Herbert Baker, 01.08.1910.

10 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 20, Herbert Baker - F.V. Engelenburg, 02.08.1910.

11 H. Baker, *Architecture and personalities*, p. 53.

12 D. Greig, The domestic work of sir Herbert Baker in the Transvaal, 1902-1912, pp. 71-73, 77-79.

13 H. Baker, *Architecture and personalities*, p. 57.

14 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1910 van F.V. Engelenburg.

en het gevra dat hy moes laat weet wanneer hy weer Johannesburg toe kom "... so that we can have a long talk about it all".[15] Vier dae later het Baker weer aan Engelenburg geskryf:

> I am very anxious to meet you over the plans, to discuss the design, and also, if I may, sometime on the site.[16]

Volgens sy sakdagboekie van 1910 was Engelenburg in Februarie en Maart baie uitstedig. Hy het onder meer na Belfast en Carolina gereis en op 12 Maart by generaal Koos de la Rey op sy plaas by Lichtenburg oornag.[17] Dit was vir Herbert Baker belangrik om Engelenburg se kritiek en voorstelle op die planne vir die Uniegebou te kry en in April het Baker weer vir Engelenburg gevra om hom te besoek wanneer hy in Johannesburg was.

> I shall be very glad to show you the plans for the Union Buildings and ask you for your criticisms and suggestions.[18]

Dit is opvallend dat Baker voortdurend kritiek en voorstelle in verband met die planne van die Uniegebou van Engelenburg gevra en ontvang het, maar dat hy ses jaar ná Engelenburg se dood in sy boek *Architecture and personalities* geen melding gemaak het van Engelenburg se insette nie. Trouens, hy het bloot verklaar: "… I was left very much to myself in designing the details of the architecture."[19] Hy maak wel melding van Charles Murray, sekretaris en ook ingenieur van die departement van openbare werke, met wie hy die planne bespreek het. Baker was van mening dat dit 'n ongewone kombinasie was, maar 'n duidelik gelukkige een, vir die gebou en ook vir Baker, omdat Murray Baker se artistieke ideale verstaan het.[20] Slegs die, in Baker se oë, belangrike mense wat hom in sy werk beïnvloed het, word in sy boek gemeld: Cecil John Rhodes, Alfred Milner, die eerste minister, Louis Botha, die latere eerste minister Jan Smuts, die ingenieur Charles Murray en ander bekende figure.

Engelenburg het een keer in 'n artikel in *De Volkstem* sy mening oor 'n stadsaal vir Johannesburg uitgespreek. Die stadsraad het 'n kompetisie uitgeskryf waaraan 41 argitekte

---

15 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 16, Herbert Baker – F.V. Engelenburg, 07.01.1910.

16 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 16, Herbert Baker – F.V. Engelenburg, 11.01.1910.

17 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1910 van F.V. Engelenburg.

18 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 20, Herbert Baker - F.V. Engelenburg, 01.04.1910.

19 H. Baker, *Architecture and personalities*, p. 61.

20 H. Baker, *Architecture and personalities*, p. 61.



Noordekant van die Uniegebou, d.w.s. die agterkant van die gebou.
Foto ongeveer in 1922 geneem.
Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling.



Illustrasie 66: Die Uniegebou in Pretoria. Foto: Linda Brink, Oktober 2010.

deelgeneem het. Engelenburg het die ontwerpe gaan besigtig. Volgens hom het slegs enkeles in die groep die Suid-Afrikaanse karakter bevorder. Die meeste ontwerpe was "on-Afrikaans". Die veelvuldige gebruik van diep horisontale voeë in gepleisterde buitemure kon in 'n land met baie stof en weinig reën nie aanbeveel word nie.[21] Engelenburg het ook gevoel dat die oordadige gebruik van gedetailleerde versiering ewemin sou deug omdat die beton spoedig vuil sou lyk. Verder het hy kritiek gelewer op 'n paar argitekte se plasing van vensteropeninge, swaar hoekmassas wat nie in die geheel gepas het nie, 'n toring wat by die ingangsportaal geplaas is en "rust op angstig dunne muren!"[22] John Ralston, die ontwerper van die Pretoriase stadsaal, het met sy Johannesburgse ontwerp met 'n logge gebou met raaiselagtige koepels wat op die hoeke rus, vorendag gekom. Engelenburg het in *De Volkstem* gepleit dat "... onze bouwmeesters 'n beetje meer Zuid-afrikaans zullen voelen en zien".[23] Hy het 'n knipsel van die artikel aan Baker gestuur, waarop dié reageer het:

> There would indeed be some hope of improvement in the architecture of South Africa, if all Editors had such intelligent and valuable criticisms in their papers.[24]

Baker het met die meeste van Engelenburg se kritiek saamgestem en het ook sy eie mening gelug. Aan die einde van sy brief van drie bladsye sluit hy af met:

> I hope you do not mind my writing so much at length. The subject is so interesting, and I seldom get anyone like you to discuss it with.[25]

Toe die hoofposkantoor 'n paar maande later by Kerkplein in Pretoria opgerig is, het Engelenburg sy mening daaroor in 'n artikel in *De Volkstem* gelug. Hy het 'n paar tekortkominge met betrekking tot die ontwerp van die gebou uitgewys, onder meer dat die ligging van die perseel hom uitstekend daartoe verleen het om 'n hoekgebou te ontwerp, maar dat die argitek verkies het om die twee sigbare kante op twee uiteenlopende maniere te behandel. Engelenburg het gemeen dat die gebou niks Transvaals of Suid-Afrikaans verteenwoordig het nie en dat dit enige plek op aarde sou kon deurgaan as 'n openbare gebou. Meer was vir die Suid-Afrika van 1911 nodig as "korrekte" en "kosmopolitiese" boukuns.[26]

---

21 F.V. Engelenburg, "Johannesburg Stadhuis", *De Volkstem*, 21.01.1910.
22 F.V. Engelenburg, "Johannesburg Stadhuis", *De Volkstem*, 21.01.1910.
23 F.V. Engelenburg, "Johannesburg Stadhuis", *De Volkstem*, 21.01.1910.
24 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 5, sublêer 16, Herbert Baker – F.V. Engelenburg, 24.01.1910.
25 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 5, sublêer 16, Herbert Baker – F.V. Engelenburg, 24.01.1910.
26 Redaksionele kommentaar, "Onze staatskantoren", *De Volkstem*, 01.09.1911.

Baker het die artikel met belangstelling gelees. Op sommige punte het hy met Engelenburg saamgestem, maar op ander weer verskil. Oor Engelenburg se opmerking oor 'n tipies Suid-Afrikaanse styl het Herbert Baker nie gedink dat enige land ooit 'n oorspronklike styl sou ontwikkel deur doelbewus daarop te konsentreer nie. Dit sal eerder meer onbewustelik ontwikkel deur goed opgeleide vakkundiges wat met opregtheid en eerlikheid werk.[27] Engelenburg het egter verskil van Baker se siening om 'n permanente waarde te heg aan die sogenaamde klassieke styl. Hy het gehoop om nog met Baker 'n persoonlike gesprek daaroor te voer.[28]

Engelenburg was ook betrokke by die ontwerp van Kerkplein in Pretoria. Teen 1910 was die plein nog 'n oop stuk grond wat in 'n noordelike rigting effens skuins af geloop het. Dit was 'n stowwerige, en gedurende reëntye 'n modderige, plek, maar steeds 'n bedrywige hart van die toe al groot en belangrike dorp. Die geleentheid om die plein te herontwerp het in 1910 gekom toe besluit is om die trems wat toe nog deur perde getrek is, deur elektriese trems te vervang. Nadat verskeie idees oorweeg is, is besluit om die sentrale deel van die plein tuinboukundig uit te lê. Net toe almal min of meer tevrede was, het Engelenburg en argitek Willem de Zwaan dit onder die stadsraad se aandag gebring dat Kerkplein ongeveer dieselfde afmetings en skuinste as Trafalgarplein in Londen het. Dié feit, het hulle gemeen, was genoeg rede om die plein argitektonies uit te lê. Op Saterdagoggend 26 November 1910 het Engelenburg 'n vergadering van die burgemeester en stadsraadslede van Pretoria bygewoon[29] om sy idees oor die uitleg van Kerkplein bekend te stel. Engelenburg het voorgestel dat die uitleg gebaseer word op twee van die bekendste pleine van die wêreld: die suidelike helfte ooreenkomstig die styl van Trafalgarplein en die noordelike helfte soos die Place de la Concorde in Parys. Die stadsvaders het van die idee gehou en 'n kompetisie vir argitekte uitgeskryf vir ontwerpe vir die plein. Argitek Vivian Rees-Poole (1883-1965) het die prys gewen.[30] Die stadsraad was egter nie bereid om die volle koste van die aanleg te dra nie. Engelenburg het die departement van openbare werke genader en laasgenoemde het £20 000

---

27 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 20, Herbert Baker – F.V. Engelenburg, 12.09.1911.

28 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 20, F.V. Engelenburg - Herbert Baker, 15.09.1911.

29 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Uitnodigingskaartjie van die burgemeester om 'n vergadering van die Stadsraad op 26 November 1910 by te woon.

30 E.H. Bolsmann, *Pretoria: artists' impressions 1857-2001*, p. 279.

daarvoor beskikbaar gestel, terwyl die stadsraad die balans van £16 000 gedra het. Die bouer was M.G. van R. Mostert.[31]

Sammy Marks, in daardie jare ŉ welbekende sakeman van Pretoria, het reeds in 1895 geld geskenk vir ŉ standbeeld ter ere van president Paul Kruger wat in die middel van Kerkplein opgerig moes word. Die standbeeld, met vier Boerefigure om die voetstuk, is deur Engelenburg se kunstenaarsvriend Anton van Wouw gemaak en in Rome deur Francisco Bruno gegiet.[32] Die standbeeldgroep het gedurende die Anglo-Boereoorlog al in Delagoabaai aangekom en het lank in die hawe gelê, waarna dit "verdwyn" het. Toe dit begin lyk of die Engelse die oorhand in die oorlog kry, het Marks die vier Boerefigure, wat lord Kitchener (1850-1916) graag wou hê, aan hom geskenk. Kitchener het dit dadelik na Engeland gestuur. Hy het nie in Kruger se standbeeld belang gestel nie en dit het in Lourenço Marques agtergebly.[33]

Ná die oorlog is die Boerefigure ná ŉ soektog in Engeland opgespoor. Twee daarvan is ná Kitchener se dood op sy landgoed gevind en die ander twee by die Militêre Kollege Chatham.[34] Die feit dat twee beelde op Kitchener se landgoed was, kom daarop neer dat hy letterlik ŉ stuk Suid-Afrikaanse erfenis gesteel het.

Kruger se standbeeld is eers in 1912 van Delagoabaai na Pretoria gebring, waar dit in Prinsepark sonder die Boerefigure opgerig is. Generaal Louis Botha kon nie daarin slaag om die Boerefigure terug te kry nie. Eers in 1921 sou generaal Jan Smuts daarin slaag om die beelde aan Suid-Afrika teruggeskenk te kry, en die Kruger-standbeeld saam met die ander beelde is in 1925 op die plein by die Pretoria-stasie opgerig. Die gemeenskap het sedertdien alle pogings aangewend om die beelde na Kerkplein te verskuif en in 1954, 50 jaar ná Kruger se dood, is die beeldegroep in die middel van Kerkplein opgerig waar dit oorspronklik sou gestaan het.[35]

---

31 I. Wallach, "Die volmaakte 'gentleman': ter gedagtenis aan my groot en getroue vriend" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'gentleman'*, p. 11.
32 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Krugerstandbeeld*, p. 29.
33 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Krugerstandbeeld*, p. 39.
34 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Krugerstandbeeld*, p. 41.
35 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Krugerstandbeeld*, pp. 62-63.

Die stadsraad van Pretoria het in 1925 ŉ kompetisie vir Suid-Afrikaanse argitekte uitgeskryf om ontwerpe in te stuur vir ŉ nuwe stadsaal vir Pretoria. E. Vincent Harris (1876-1971), ŉ bekende argitek van Engeland, sou die drie wenontwerpe aanwys. Altesaam 27 inskrywings is ontvang. Engelenburg het die 27 ontwerpe gaan bekyk en gou besef dat geeneen geskik sou wees vir Pretoria nie. Hy het dadelik ŉ ope brief aan die burgemeester, W.S. Duxbury, geskryf wat in *De Volkstem* en in *The Star* verskyn het. Engelenburg het daarin verduidelik presies hoe so ŉ kompetisie behoort te verloop en hoe ŉ stadsaal behoort te lyk. Hy het gemeen dat dit ongewens was om ŉ beoordelaar uit die buiteland aan te wys wat nog nooit in Suid-Afrika was nie, wat nog te sê in Pretoria, en ook nie die weersomstandighede en klimaat van Pretoria geken het nie. Engelenburg het ook opgemerk dat Suid-Afrikaanse argitekte probeer het om die Vincent Harris-styl in hulle stadsaalontwerpe in te bring ten koste van hulle eie idees en ten koste van wat in die Suid-Afrikaanse landskap sou inpas – alles om die buitelandse beoordelaar te beïndruk om moontlik as een van die bestes gekies te word.[36]

Die meeste deelnemers het aan weerskante van die geboue wat hulle ontwerp het, torings voorgestel, maar die algemene gevoel was dat dit dan sou kompeteer met die Uniegebou van Herbert Baker. Geeneen van die ingestuurde ontwerpe het rekening gehou met die hoofstad se "eienaardige klimaatstoestande" wat winter en somer betref nie. Engelenburg het gemeen dat die persoon wat ŉ bruikbare oplossing vir hierdie probleem kon vind, ŉ onverganklike reputasie as baanbreker op die gebied van Suid-Afrikaanse argitektuur kon verwag. Engelenburg het onomwonde verklaar dat die wedstrydeksperiment ŉ mislukking was. Die goeie resultaat daarvan was om die stadsvaders te laat besef hoe die saak nie aangepak moes word nie. Hy het voorgestel dat dit nie nodig was om weer ŉ prysvraag uit te skryf nie. Hy het gevra dat die stadsraad weer na die ontwerpe kyk en een of twee kies wat die stempel van persoonlikheid en van artistieke inisiatief dra en dat die gekose argitek opdrag ontvang om ŉ ontwerp voort te bring wat sou pas in die Unie se hoofstad. Engelenburg het Pretoria liewer ŉ bekritiseerde stadsaal toegewens wat onder vrye impuls geskep was, eerder dan ŉ foutlose voortbrengsel wat die stigma van karakterloosheid gedra het.[37] Hy het verder geskryf dat ŉ nasie by wet ŉ vlag vir sy land ontwerp wat by ŉ latere wet gekanselleer of verander kon

36 F.V. Engelenburg, "Oop-brief aan Pretoria se burgemeester", *De Volkstem*, 14.08.1926; F.V. Engelenburg, "Pretoria's new town hall", *The Star*, 14.08.1926.

37 F.V. Engelenburg, "Oop-brief aan Pretoria se burgemeester", *De Volkstem*, 14.08.1926; Vgl. F.V. Engelenburg, "Pretoria's new town hall", *The Star*, 14.08.1926.

word, maar indien Pretoria se stadsvaders ŉ karakterlose stadsaal sou laat bou, dit vir jare, ja vir eeue, ŉ "steen des aanstoots" sou bly. Dit sou aanleiding gee tot voortdurende skaamte en verdriet vir die betrokke munisipale gemeenskap.[38]

Die ontwerpe is daarna weer beoordeel en ŉ wenner aangewys. Engelenburg het sy artikel van 14 Augustus 1926 met die titel "Pretoria's new town hall"[39] aan Herbert Baker, wat toe in Londen gewoon het, gestuur. Baker het gemeen dat Engelenburg se artikel uitstekend was, maar dat hy nie ŉ opinie wou waag oor die kompetisie en die resultate daarvan nie omdat hy nie die wennersontwerp gesien het nie. Hy het ook nie kennis gedra van die beoordelaar en of dié gekwalifiseer was om oor geboue te oordeel wat eie was aan die karakter van die stad en die klimaatstoestande van Suid-Afrika nie.

Baker was spyt dat Gordon Leith (1886-1964) nie die gebou ontwerp het nie. Hy het groot waardering gehad vir Leith se vermoë om Suid-Afrika en sy weersomstandighede in sy argitektuur uit te druk.[40] George Esselmont Gordon Leith is die beste bekend as een van die meesters van die sogenaamde tradisionele styl in Suid-Afrika gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu. Sy klassieke ontwerpe vir amptelike geboue in Transvaal, soos die Reserwebank, stadsale en tegniese kolleges, het sy plek in die openbare argitektuur in Suid-Afrika verseker.[41] Baker en Engelenburg was geesgenote met betrekking tot die argitektuur en in daardie verband het Baker geskryf:

> I look back with pleasure to the many interesting talks we used to have in the old days on these pleasant subjects.[42]

Die wenner van die kompetisie vir ŉ stadsaal vir Pretoria was die Britse argitek Joseph Lockwood-Hall (1873-1941). Lockwood-Hall het in Londen as argitek gewerk en het in 1923 na Suid-Afrika geëmigreer, waar hy tot 1926, toe hy die kompetisie gewen het, by die

---

38 F.V. Engelenburg, "Oop-brief aan Pretoria se burgemeester", *De Volkstem*, 14.08.1926; Vgl. F.V. Engelenburg, "Pretoria's new town hall", *The Star*, 14.08.1926.

39 F.V. Engelenburg, "Pretoria's new town hall", *The Star*, 14.08.1926.

40 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, vol. 6, sublêer 20, Herbert Baker – F.V. Engelenburg, 30.09.1926.

41 W.D. Howie, "Leith, George Esselmont Gordon" in D.W. Krüger en C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek III*, pp. 519-520.

42 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, vol. 6, sublêer 20, Herbert Baker – F.V. Engelenburg, 30.09.1926.

departement van openbare werke in Pretoria werksaam was. Hy het die stadsaal in samewerking met F.G. McIntosh ontwerp. Laasgenoemde het gesterf kort nadat die uitslae van die kompetisie aangekondig is. Alhoewel die wenner reeds in 1926 aangewys is, is daar eers in 1933 met die bouwerk begin en is die gebou in 1935 voltooi. As gevolg van die wêreldwye depressie (1929-1933)[43] was daar min geld en die ontwerp moes uiteindelik heelwat verander word. Die beeldhouwerk op die kroonlys en pediment is gemodelleer deur die toe nog opkomende jong beeldhouer Coert Steynberg. Die plaaslike magnaat George Heys het die stadsaal voorsien van ŉ orrel en beiaard,[44] gemaak deur W.W. Kimball van Chicago in die VSA.[45]

**Engelenburg en die skone kunste**

Afgesien van die argitektuur het Engelenburg hom ook daarop toegelê om die skone kunste te bevorder. Die Transvaalse Afrikanergemeenskap was in die tweede helfte van die negentiende eeu kultureel nog op ŉ lae vlak en die meeste van die inwoners het nie kuns waardeer nie. Daar was min geleenthede vir die ontwikkeling van kuns en die meeste mense het ook weinig daarvan verstaan. Die meeste Republikeinse burgers was pioniers van die veld wat woonplek en materiële sekuriteit vir hulleself in ŉ onherbergsame hinterland moes kom skep. Verfynde kunsgenot het buite hulle lewensfeer gelê – hulle was eenvoudig onbewus van hierdie soort lewenswaardes.[46] ŉ Kunstenaar met wie Engelenburg hom reeds voor die Anglo-Boereoorlog heelwat bemoei het, was die beeldhouer Anton van Wouw (1862-1945). Van Wouw was ŉ paar maande ouer as Engelenburg en het in 1889 (dieselfde jaar as Engelenburg) van Rotterdam na Suid-Afrika gekom. Die jong Boererepubliek het min moontlikhede vir ŉ kunstenaar, veral vir ŉ beeldhouer, gebied. Van Wouw het reeds in 1891 bekendheid verwerf toe hy die beeldhouwerk van die wapen van die ZAR op die voorgewel van die nuwe raadsaal op Kerkplein aangebring het. Dit was sy eerste staatsopdrag.[47] Engelenburg was beïndruk met die kunstenaar se werk en het die staatswapen beskryf as ŉ

---

43 Daar word ook gemeen dat die ekonomiese depressie eers in 1941 geëindig het met die VSA se toetrede tot die Tweede Wêreldoorlog.

44 Stel klokke in ŉ toring waarop musiek uitgevoer word; klokkespel. (F.J. Labuschagne en L.C. Eksteen (reds.), *Verklarende Afrikaanse woordeboek*, p. 65.)

45 R. Fisher, "Proposed Pretoria Town Hall" by http://www.heritageportal.co.za/forum/proposed-Pretoria-town-hall (geraadpleeg op 24.11.2013).

46 E. de Swardt, Die lewe en werke van die Nederlandse kunstenaar Frans David Oerder, p. 22.

47 J. Ernst, *Anton van Wouw*, pp. 22-24, 26.



Illustrasie 67: "Die student" deur Anton van Wouw.
Die beeld vorm deel van die Engelenburghuiskunsversameling.

sieraad vir die gebou.[48] As jong man het die argitek Gordon Leith gedurende die Anglo-Boereoorlog skilder- en beeldhouklasse onder Anton van Wouw se leiding geneem. Van Wouw se bekende bronsbeeld "Die Student" is 'n afbeelding van Leith. Die beeld maak deel van die huidige Engelenburg-kunsversameling uit.

Van Wouw het Engelenburg dikwels om sy opinie gevra. Larense Kunsthandel van Amsterdam het in 1911 in Johannesburg 'n uitstalling van Nederlandse kunswerke gehou en Van Wouw het Engelenburg gevra om daarna te gaan kyk en sy opinie te gee. Engelenburg het die moeite gedoen om na Johannesburg te ry, met die voorneme om een of twee stukke persoonlik te koop. By aanskoue van die uitstalling het hy nie kans gesien om iets te koop nie. Hy het die gehalte van die ten toon gestelde skilderye onbevredigend gevind. Sommige was benede kritiek, ander het blyke gegee van talent, maar was volgens hom lank nie verdienstelik genoeg om 9 600 kilometer na Suid-Afrika gestuur te word as voorbeelde van Nederlandse skilderkuns nie.[49]

> Om kort te gaan, ik ben erg teleurgesteld en vrees dat de Larense Handel misgetast heeft.[50]

Engelenburg het ook kontak met Frans Oerder behou. In Nederland het Oerder voortgegaan met sy skilderwerk en ses en 'n halwe maande ná sy troue met Gerda van Pitlo is hulle seuntjie, Tom Oerder, op 4 Junie 1910 gebore. Oerder het Engelenburg eers in Augustus van die geboorte laat weet. Hy het ook navraag by Engelenburg gedoen oor die moontlikheid om 'n skildery van hom, *De geslachte os,* in Suid-Afrika te verkoop.[51] Engelenburg was verheug oor die geboorte van die seuntjie, wat hy 'n eervolle loopbaan toegewens het. Wat die skildery betref, het hy aan die hand gedoen dat Oerder G.A.A. Middelberg, wat hom intussen weer in Nederland gevestig het, nader in verband met 'n fonds waaruit voorwerpe betaal word wat bestem was om na Suid-Afrika gestuur te word. Hy moes ook 'n foto van die skildery en die afmetings daarvan insluit en vermeld dat dit tipies geskik sou wees, op aanbeveling van Engelenburg, vir 'n museum in Transvaal.

---

48 F.V. Engelenburg, "Het wapen der Zuid-Afrikaansche Republiek", *De Volksstem*, 09.02.1891.

49 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, F.V. Engelenburg – A. van Wouw, 24.04.1911.

50 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, F.V. Engelenburg – A. van Wouw, 24.04.1911.

51 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, F.D. Oerder – F.V. Engelenburg, 02.08.1910.

> Ik heb alreeds ŉ tydje geleden by Middelberg aangedrongen om u museum-schildery aan te kopen ...[52]

Dit is nie bekend of die skildery wel na Suid-Afrika gestuur is nie. Engelenburg het ook aan Oerder geskryf dat Johannesburg binnekort ŉ museum vir skilderye sou besit. Mev. Lionel Phillips (1863-1940)[53] het haar vir die saak beywer en die gebou was reeds deur sir Hugh Lane (1875-1915)[54] aangekoop, "... ŉ soort van Engelse Bredius of Bode".[55] Skilderye van die meeste Engelse meesters is aangekoop, maar ook enkele Franse skilderye soos van Isabey,[56] Monticelli[57] en ander. Engelenburg was persoonlik van mening dat "... [d]e tyd zal komen dat er ook Hollanders zullen worden gekocht".[58]

Hy het verder geskryf dat hy vir Oerder sou laat weet wanneer die tyd reg was om na Suid-Afrika terug te keer. Hy wou nie hê dat sy vriend te gou moes terugkom en weer eens vind dat daar nie vir hom werk was nie. Engelenburg sou in die tussentyd probeer om ŉ paar bestellings vir portrette te kry. Hy het gemeen dat dit goed sou wees indien Oerder se naam lewend gehou word in Suid-Afrika. Hy het gevra dat Oerder koerantknipsels aan hom moes stuur waarin sy naam vermeld word sodat hy dit in *De Volkstem* kon publiseer. Dit sou meehelp om eventuele kandidate wat ŉ portret van hulle wou laat skilder, te oortuig dat hulle nie beter kon vaar as om deur Oerder geskilder te word nie.

---

52 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, F.V. Engelenburg – F.D. Oerder, 22.08.1910.

53 Dorothea Sarah Florence Alexandra Phillips was die vrou van Lionel Phillips, wat deel was van die Jameson-komplot in die ZAR in 1895/96. Hulle het ná die voorval in Londen gewoon en in 1905 na Suid-Afrika teruggekeer. Lady Phillips was ŉ kunsversamelaar en het baie werke aan die Johannesburgse Kunsgalery geskenk. Sy het aktief gehelp om die galery tot stand te bring. Kyk Anon., "Philips, Dorothea Sarah Florence Alexandra" in W.J. de Kock en D.W. Krüger (reds.), *Dictionary of South African Biography II*, pp. 543-544.

54 Sir Hugh Percy Lane word die beste onthou vir die totstandkoming van Dublin se munisipale galery vir moderne kuns (die eerste bekende openbare galery van moderne kuns in die wêreld) en vir sy merkwaardige bydrae tot die visuele kuns in Ierland. Hy is in 1915 aan boord van die *Lusitania* oorlede toe die skip in die Eerste Wêreldoorlog deur die Duitsers getorpedeer is. (Anon., "Sir Hugh Percy Lane" by http://www.en.wikipedia.org/wiki/Hugh_Lane [geraadpleeg op 18.01.2014]).

55 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, F.V. Engelenburg – F.D. Oerder, 22.08.1910.

56 Eugène Louis Garbriel Isabey (1803-1886) was ŉ Franse skilder en tekenaar. Hy het by die Louvre-museum studeer en gewerk. (Anon., "Eugène Louis Garbriel Isabey" by http://en.wikipedia.org/wiki/Eugène_Isabey [geraadpleeg op 18.01.2014]).

57 Adolphe Joseph Thomas Monticelli (1824-1889) was ŉ Franse skilder (Anon., "Adolphe Joseph Thomas Monticelli", by http://www.en.wikipedia.org/wiki/Adolphe_Joseph_Thomas_Monticelli [geraadpleeg op 18.01.2014]).

58 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, F.V. Engelenburg – F.D. Oerder, 22.08.1910.

> Om kort te gaan, doe alles in uw vermogen om my u niet te doen vergeten!!! (Gelukkig ben ik nog al vriendschap-houdend uitgevallen).[59]

Dit is wel waar dat Engelenburg, wanneer hy 'n vriendskap gesmee het, dit gewoonlik lewenslank onderhou het. Hy het byvoorbeeld tot sy dood vriende gebly met Frans Oerder, Izaak Wallach, W.J. Leyds en Louis Leipoldt. Laasgenoemde het hy in 1913 ontmoet.[60]

## Engelenburg se betrokkenheid by die Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst

Voor die Anglo-Boereoorlog het 'n taalstryd ontstaan, nie net in die Kaap nie, maar ook in die twee Boererepublieke. In die Kaap het kampvegters vir Nederlands hulle teen Engels begin organiseer, wat tot die stigting van die Taalbond in 1890 gelei het. In die ZAR en die Vrystaat was Nederlands die amptelike taal, maar die burgers het dit al hoe moeiliker gevind om die verhewe Nederlands te verstaan en te gebruik. Aan die vooraand van die ABO het 'n stryd tussen Nederlands en die "volkstaal" en ook teen Engels posgevat. Ná die Anglo-Boereoorlog het die tweede Afrikaanse taalbeweging gevolg, wat gedurende die eerste dekade van die twintigste eeu tot 'n kragtige anti-angliserende faktor uitgegroei het. Die beweging was egter innerlik verdeeld deur die voorstanders van die behoud van Nederlands en voorstanders van die verheffing van Afrikaans tot kultuurtaal. In 'n reeks taalkonferensies tussen 1897 en 1908 is probeer om 'n middeweg te vind wat versoening tussen die twee standpunte kon bring; dit het uiteindelik gelei tot die stigting van die Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst in 1909.[61]

Op 5 Julie 1910 het Engelenburg na Bloemfontein gereis om die Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst se eerste jaarvergadering op 6 en 7 Julie by te woon. Op hierdie eerste sitting van die Akademie, gehou in die saal van die Wetgewende Raad, Bloemfontein, is die eerste Akademieraad (Julie 1910 – Julie 1911) soos volg aangewys: oudpresident M.T. Steyn (voorsitter), A. Moorrees (visevoorsitter), G. Knothe (sekretaris), F.V. Engelenburg,

---

59 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, F.V. Engelenburg – F.D. Oerder, 22.08.1910.

60 In die Engelenburgversameling is briefwisseling tussen Engelenburg en die bogenoemde persone gevind wat tot kort voor Engelenburg se dood geduur het.

61 P.H. Kapp, *Draer van 'n droom: die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 1909-2009*, pp. 10-13, 31.

D.S. Botha, J. Brill, N.J. Brümmer, G. Cillié, N.M. Hoogenhout, E.G. Jansen, D.F. Malan en H. Reinink.[62]

Reeds by die eerste jaarvergadering het Engelenburg die wens uitgespreek dat ŉ jaarboek deur die Akademie uitgegee word, min of meer in die vorm van die jaarboek wat toe deur die South African Philosophical Society uitgegee is. Die aanbod van Engelenburg om die druk van die jaarboek voorlopig op hom te neem, sonder koste vir die Akademie, is met groot dank aangeneem. ŉ Jaarboekkommissie is aangewys, te wete G. Knothe, F.V. Engelenburg en J.S.M. Rabie. Notules van vergaderings, verslae van vakkommissies, en lesings wat van tyd tot tyd deur lede van die Akademie gelewer sou word, moes in die jaarboek opgeneem word.[63] Die jaarboek het daarna jaarliks verskyn en van 1923 tot 1925 is dit deur die *Bulletin* vervang, hoofsaaklik vir die verspreiding van Akademienuus onder lede van die Akademie, maar ook onder die algemene publiek. Engelenburg was die groot dryfkrag agter die publikasie van die jaarboeke, bygestaan deur Gustav Preller en later deur S.P. Engelbrecht. Toe Engelenburg in 1930 weer voorsitter van die Akademie geword het, is die *Bulletin* gestaak en het die jaarboek weer begin verskyn.

Die Akademie het van die begin af ŉ kommissie van "waakzaamheid" gehad om te waak en stappe te doen teen allerlei gevare wat taal of letterkunde sou kon bedreig op die gebied van die skool, kerk, wetgewing, staatsdiens, samelewing of waar ook al.[64] As raadslid van die nuutgestigte Akademie en as lid van die kommissie van "waakzaamheid" het Engelenburg reeds in daardie vroeë stadium namens die Akademie as waghond oor die Nederlandse taal (en daarmee saam Afrikaans) opgetree. Die kommissie, waarvan Engelenburg jare lank sameroeper en die dryfkrag veral in Transvaal was, het hom gedug laat geld, veral gedurende die eerste jare ná Uniewording. Kwessies ten opsigte van Nederlands in die staatsdiens, amptelike vertalings en die taalmediumkwessie aan die universiteite het voortdurend aandag geniet. Daar is seker gemaak dat artikel 137 van die Zuid-Afrika-Wet toegepas word met

62 Notule van die te stigte Akademie se vergadering gehou op 6 en 7 Julie 1910 te Bloemfontein, *Jaarboek I* van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, pp. 5 en 64.

63 Notule van die te stigte Akademie se vergadering gehou op 6 en 7 Julie 1910 te Bloemfontein, *Jaarboek I* van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, pp. 54 en 62.

64 Notule van die Algemene Jaarvergadering van die Akademie, 6 en 7 Julie 1910, *Jaarboek I* van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, p. 16.

betrekking tot gelyke beregtiging van die Nederlandse en die Engelse taal.[65] Engelenburg het reeds in 1910 aan die hand gedoen dat die Akademie die minister van onderwys nader met die versoek om ook die middelbare en hoër onderwys aan artikel 137 te laat voldoen.[66] Hy was ook bekommerd oor die medium van onderrig by die universiteitskolleges. Engelenburg was daarvan oortuig dat indien daar in die hoërskole genoegsame aandag aan die onderrig van die Nederlandse taal gegee sou word, alle studente by die universiteitskolleges baie gou voldoende tweetalig sou wees om die klasse in sowel Nederlands as Engels te volg.[67] Vóór die 1914-jaarvergadering van die Akademie het Engelenburg aan die sekretaris, prof. G. Knothe, geskryf dat hy ŉ versoek aan C.J. Langenhoven gerig het om by die jaarvergadering ŉ beskrywingspunt in te dien met betrekking tot Afrikaansmedium op laerskool. "... De Akademie *moet* zich deze zaak aantrekken."[68] Langenhoven het aan Engelenburg se versoek gehoor gegee en die saak vir bespreking op die agenda geplaas.[69] Die Kaapse Provinsiale Raad het reeds vroeër in 1914 Afrikaans as ŉ laerskooltaal erken. Die Vrystaatse en die Transvaalse Provinsiale Raad het later in 1914, ná die Akademie se jaarvergadering, dieselfde besluit. Op die jaarvergadering het Langenhoven ŉ sterk pleidooi vir Afrikaans as onderwystaal gelewer en het daardeur die rigting met oortuiging aangedui.[70] Die titel van sy lesing was "Afrikaans als voertaal".[71]

Teen 1911 het daar nog geen eenvormigheid bestaan in die spelling van Afrikaanse woorde nie en Akademielede, onder wie Engelenburg, was van mening dat die Akademie gestandaardiseerde spelreëls vir Afrikaans moes opstel. Op sy algemene vergadering in Julie 1911 is die saak te berde gebring, maar uit vrees dat ŉ bespreking oor die taalkwessie opnuut twis sou veroorsaak tussen die voorstanders van Nederlands en dié van Afrikaans, is besluit om die saak eers daar te laat.[72] Engelenburg wou die saak egter deurvoer en kort ná die

65 Notule van die Algemene Jaarvergadering van die Akademie, 6 en 7 Julie 1910, *Jaarboek I* van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, p. 16.

66 Argief vir Eietydse Aangeleenthede (AEA), Bloemfontein, SA Akademieversameling, PV917, vol. 1, F.V. Engelenburg – G. Knothe, 20.09.1910.

67 Notule van die algemene vergadering van 4 en 5 Julie 1913, *Jaarboek IV* van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, pp. 41-42.

68 AEA, Bloemfontein, SA Akademieversameling, PV917, vol. 2, F.V. Engelenburg – G. Knothe, 04.06.1914.

69 *Jaarboek IV* van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, p. 79.

70 P.J. Nienaber, *Wat doen die Akademie?*, p. 6.

71 *Jaarboek V* van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, p. 104.

72 Notule van die algemene vergadering van 3 en 4 Julie 1911, *Jaarboek II* van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, pp. 12, 25.

vergadering het hy aan dr. Knothe ŉ lys Engelse woorde gestuur "… waarvoor goede afrikaanse op myn[73] kantoor onvindbaar bleken".[74] Hy het gevra dat die lys onder die lede gesirkuleer word met die versoek om geskikte woorde te vind.[75] Engelenburg het besef hoe belangrik dit was dat daar ŉ woordelys vir Afrikaans moes wees. Eers in 1913 het die Akademieraad dit aan die kommissie vir taal en lettere opgedra om sy aandag te wy aan die vertaling van vreemde woorde en, indien nodig, van tyd tot tyd woordelyste te publiseer met die Suid-Afrikaanse aangenome en gangbare ekwivalente. Dit sou dan

> ... na bekrachtiging door de Akademie, (te) worden beschouwd als burgerrecht in ons land verkregen te hebben.[76]

ŉ Jaar later het Engelenburg die lys Engelse woorde wat hy in 1911 aan die sekretaris van die Akademie gestuur het, en wat intussen van Nederlandse ekwivalente voorsien is, onder die lede gesirkuleer. Die "Lijst van in Zuid-Afrika aangenomen en gangbare Hollandse ekwivalenten van Engelse woorden" is deur die Akademie goedgekeur.[77] Voor die vergadering het Engelenburg J.G. van der Horst, die voorsitter van die Afrikaanse Taalvereniging, besoek en hom gewys op die noodsaaklikheid van reëls met betrekking tot die spelling, grammatika, ensovoorts van Afrikaans en hom gevra om sy samewerking in die saak te gee.[78] Afgesien van die werk wat in 1875 gedoen is, was dit wat Engelenburg sedert 1911 bepleit het, die voorganger van ŉ woordelys en sedert 1915 ook spelreëls vir Afrikaans. Die eerste woordelys is in 1914 in Jaarboek V van die Akademie opgeneem.[79] Met die verskyning van die eerste spelreëls het Engelenburg soos volg kommentaar gelewer:

> [Ek] wil niet poseren als grammaticus, doch de algemene indruk die het werk op [my] gemaakt heeft is een van degelikheid en rijp overleg. Het resultaat van deze arbeid zal ongetwijfeld door het publiek ten zeerste gewaardeerd worden.[80]

---

73 Engelenburg het soms 'myn' en soms 'mijn' in sy korrespondensie gebruik.

74 AEA, Bloemfontein, SA Akademieversameling, PV917, vol. 1, F.V. Engelenburg – G. Knothe, 29.07.1911.

75 AEA, Bloemfontein, SA Akademieversameling, PV917, vol. 1, F.V. Engelenburg – G. Knothe, 29.07.1911.

76 Notule van die algemene vergadering van 19 en 20 September 1912, *Jaarboek III* van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, p. 18.

77 *Jaarboek V* van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, pp. 141-143.

78 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 06.06.1914.

79 Notule van die algemene vergadering van 3 Julie 1914, *Jaarboek V* van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, pp. 141-143.

80 "Afrikaanse Spelreëls" in *Jaarboek VI* van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, pp. 80-87.

Die spelreëls is in Jaarboek VI van 1915 van die Akademie opgeneem,[81] waarna dit saam met die woordelys in 1916 in pamfletvorm uitgegee is. Met die verskyning van die eerste *Afrikaanse Woordelijs en Spelreëls* (AWS) in boekvorm in 1917 [82] was Engelenburg se kommentaar dat die boek 'n aanwins vir die Afrikaanse taal was. Die boekeskat van Suid-Afrika is daardeur verryk en hy was oortuig dat die toevoeging goeie vrugte sou dra.[83] Terwyl Engelenburg geleef het, het die AWS vyf keer verskyn, naamlik in 1917, 1918, 1921, 1931 en 1937.

Aan die begin van 1911 was die Akademie nog net 18 maande aan die gang. Daar was aanduidings dat die organisasie wou doodloop. Engelenburg was egter vol moed en het aan die sekretaris, dr. Knothe, die bemoedigende woorde geskryf:

> Ik voor my vrees niet dat de Akademie moet doodgaan, zolang er enkele belangstellenden zyn, die leven erin houden.[84]

Die finansies van die Akademie het van die begin af kommer gewek. Die jaarlikse bydraes van lede was nie genoeg om die oorhoofse koste te dek nie. Engelenburg het dit benadruk dat dit nie wenslik was nie, en in sekere opsig gevaarlik sou wees, om hulp van die staat te vra. Die Akademie moes soveel moontlik op eie kragte te werk gaan. Engelenburg het te hore gekom dat die N.G. Kerk in Pretoria 'n hulpprediker wou aanstel en het by ds. H.S. Bosman (1848-1933) navraag gedoen of hy dié prediker kon nader om in sy vrye tyd as sekretaris van die Akademie op te tree. Om geld te bespaar om 'n kantoor vir die Akademie te huur, het Engelenburg aangebied om by die *Volkstem*-kantore 'n geskikte vertrek af te sonder wat spesiaal as kantoor vir die sekretaris van die Akademie kon dien waar hy hom met Akademiesake kon besig hou.[85]

Toe dit noodsaaklik geword het dat die Akademie meer finansiële steun ontvang, het die Akademieraad 'n komitee saamgestel, bestaande uit F.V. Engelenburg (sameroeper), H.S. Bosman, T. le Roux, L. Fouché en J.D. du Toit, om 'n voorlegging aan die regering te maak.

---

81 Notule van die algemene vergadering van 18 September 1915, *Jaarboek VI* van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, pp. 20-32.

82 T.H. le Roux et al., *Afrikaanse woordelijs en spelreëls* (Het Volksblad-Drukkerij, Bloemfontein, 1917).

83 Notule van die jaarvergadering van 21 en 22 September 1917, *Jaarboek VIII* van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, p. 29.

84 AEA, Bloemfontein, SA Akademieversameling, PV917, vol. 1, F.V. Engelenburg – G. Knothe, 10.01.1911.

85 Notule van die te stigte Akademie se vergadering gehou op 6 en 7 Julie 1910 te Bloemfontein, *Jaarboek I* van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, p. 63.

Dit was duidelik dat die Akademie nie sou kon voortbestaan sonder staatshulp nie, met die gevolg dat die regering vir finansiële steun genader is.[86] Die Akademie het op 1 Julie 1921 regspersoonlikheid verwerf kragtens die Zuidafrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst (Private) Wet, 1921 (Wet No. 23 van 1921).[87]

Engelenburg het ook gepleit dat daar nog veel gedoen word ter aanmoediging van geskiedkundige ondersoek, die bestudering van inheemse folklore en die bevordering van die nasionale kuns.[88] Hy het ook die noodsaak besef om die argiefwese in Suid-Afrika te organiseer en museumaktiwiteite te bevorder. Engelenburg het in 1911 op 'n jaarvergadering van die Akademie 'n referaat daaroor gelewer met die titel "Onze Musea en Archieven".[89]

> Ik heb dienaangaande interessant materiaal, en we moeten de Regering wakker maken.[90]

Skaars drie maande ná hy die lesing gelewer het, is Marie Koopmans-De Wet se suster, Margaret, op 11 Oktober 1911 oorlede. Die vrees het ontstaan dat die huis, wat aan wyle Marie Koopmans-De Wet behoort het, met sy waardevolle inhoud verlore sou gaan. Marie Koopmans de Wet was tot haar dood een van die eerste mense wat hulle vir die behoud van ou geboue aan die Kaap beywer het. Van haar word gesê dat haar vroegtydige optrede verhoed het dat die Kasteel in Kaapstad en die Kruithuis op Stellenbosch gesloop is. Op aandrang van Engelenburg het die Akademie 'n versoek aan die stadsraad van Kaapstad gerig in verband met die aankoop van die woning van wyle mev. Koopmans-De Wet vir die doeleindes van 'n historiese museum.[91] Op 17 Maart 1913 het die stadsraad die huis en van die inhoud per publieke veiling gekoop. Die stadsraad het 'n som geld beskikbaar gestel en dr. F.W. Purcell (1866-1919) is opdrag gegee om alles wat van historiese kunswaarde was, vir die Koopmans-De Wet-museum te koop. Later is Purcell benoem om die herstel van die huis

---

86 Notule van die jaarvergadering van 20 tot 22 Desember 1916, *Jaarboek VII* van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, p. 41.

87 *Jaarboek XI* van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, pp. 8-11.

88 Dankwoord van F.V. Engelenburg, 6 Julie 1910, *Jaarboek 1* van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kuns, pp. 71-73.

89 AEA, Bloemfontein, SA Akademieversameling, PV917, vol. 1, F.V. Engelenburg – G. Knothe, 07.06.1911. Sien ook *Jaarboek II* van De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, p. 11.

90 AEA, Bloemfontein, SA Akademieversameling, PV917, vol. 1, F.V. Engelenburg – G. Knothe, 17.04.1911.

91 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 14.03.1913.



Illustrasie 68: Die Koopmans-De Wethuis in Strandstraat, Kaapstad. Engelenburg het sy tante, Marie Koopmans-De Wet, dikwels hier besoek. Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Engelenburgversameling.